# BRIDGING THE GAP

## Dissipelskapreeks September en Oktober 2018

## SA GEMEENTE LONDEN

## Kleingroepe



**Week 3: PRAY/BID**

*Daar is 'n "gap"(gaping) tussen wie ons is en wie die Here wil hê ons moet wees. As ons Jesus wil volg, sy dissipels wil wees, wil leef soos Hy geleef het, moet ons hierdie gaping oorsteek.*
*Om 'n dissipel van Jesus te wees vra van jou om 'n paar belangrike besluite te neem – en dit is meer as om net 'n keuse te maak, dit is iets wat jy doelbewus en aktief sal moet gaan doen.*

***Gesels heel eerste oor hierdie vraag:***

Gesels met mekaar oor julle gebedslewe: Vertel eerlik vir mekaar hoe julle bid? Waar? Wanneer? Watter volgorde gebruik julle of watter voorbeelde of raamwerke (indien enige)?

***Gesels nou oor hierdie vraag:***

Watter gebed bid jy die meeste? Wil jy bietjie uitbrei daarop?
Watter verse/gedeelte in die Bybel lê na aan jou hart as jy bid?

**LEES/READ – Johannes 2:13-25 (Lees ook: Matt 21:13, Mark 11:17, Luk 19:46)**

**Wat tref jou met so 'n eerste lees van die teksgedeelte?**

**Wat in die lewe maak jou woedend of laat jou bloed kook?** Waarom dink jy **het Jesus so kwaad geword?** En wat leer dit vir ons **waaroor mag ons kwaad word,** of is ons veronderstel om kwaad te word?

**Antwoord nou hierdie vrae eerlik:**

Wat dink julle was die rede **waarom die Jode tempel toe is?**

En **wat het in hierdie gedeelte geskuif?**

**Waarom kom jy kerk toe?** En wat skuif maklik?

**Wat dink jy beteken dit dat die kerk/tempel 'n plek/huis van gebed moet wees?**

**Paulus skryf later dat ons liggame God se tempel is. Wat beteken dit dat my liggaam/ of in ander woorde my lewe, 'n plek van gebed moet wees?**

**En nou hierdie vraag:**

Die aanvanklike plan was dat **die tempel daardie punt vir 'n Jood moes wees waar sy lewe en God se lewe ontmoet/bymekaar kom.** Of anders gestel, gebed is die konneksiepunt met God.

**Wat wil dit vir ons kom leer oor gebed?**

Wanneer en hoe bid ek dan?

*(Dan is my hele lewe heilig want God is daar en nie net die tempel/kerk nie. Dan kan en moet ek die heeltyd oor enige saak bid.)*

***Gebed is daardie punt in jou verhouding met die Here wanneeer dit net jy en Hy is. En watter potensiaal is nie in daardie ontmoeting opgesluit nie!***

**Maya Angelou** - *"I know that when I pray, something wonderful happens. Not just to the person or persons for whom I'm praying, but also something wonderful happens to me..."*

**Bid oor die volgende saak:**

- **Vir die sake wat op die oomblik heelbo in jou hart is.**
- **Vra die Here om jou oë en hart oop te maak vir Hom by jou.**
- **Bid as groep vir mekaar**